

11 Junie 2020

Die Munisipale Bestuurder,
Hessequa Munisipaliteit.

Beste Johan,

Bespreking van die katastrofiese gevolge van die Covid-19 Pandemie op die Stilbaai Sakektor tussen die Stilbaai Sakekamer en die Hessequa Munisipale Raad

Graag wil ons as die Stilbaai Sakekamer u bedank vir die geleentheid om 'n openhartige gesprek met u te kon hê aangaande die uiters nadelige gevolge en uitwerking van die pandemie op die Stilbaai sakektor, en die onvermydelike indirekte gevolge vir die Munisipaliteit.

Na aanleiding van verskeie gesprekke met verteenwoordigers van die Munisipaliteit sedert ons skriftelike versoek in April vir hulp aan die plaaslike sakegemeenskap, het ons aangeneem dat die doel van die vergadering sou wees om 'n gesprek te voer oor u beplanning om die plaaslike ekonomie te stimuleer en was ons dus uit die aard van die saak nie baie gemaklik en tevrede met die uitkoms van die vergadering nie.

Ons neem kennis van en wil u komplimenter met u besluit om gebruik te maak van 'n eksterne konsultant om behulpsaam te wees met die daarstelling van 'n langtermyn strategie spesifiek as gevolg van die uitwerking van die Covid-19 pandemie op die Munisipaliteit se begroting en werksaamhede. Ons aanvaar dat die inisiatief sal poog om beide die Munisipaliteit en die sakegemeenskap sinergisties suksesvol te maak.

Volgens ons is dit die eerste stap in die regte rigting alhoewel die daarstelling van so 'n langtermyn strategie blyk 'n langsame proses te wees en loop dit die gevaar om soos baie ander staatsaktiwiteite weereens net 'n dokument te wees sonder enige duidelike uitsette en spesifieke keerdadums.

Ons is ook dankbaar vir die toegewing dat reëlings getref kan word aangaande munisipale rekenings wat nie vereffen kan word a.g.v. kontantvloei beperkings en sal die sakegemeenskap dienoreenkomstig in kennis stel.

Wat ons egter baie onrusbaar stem, is dat daar op hierdie stadium nie veel inligting beskikbaar is oor die mate wat die probleem synde die katastrofiese gevolge van die Covid-19 Pandemie, reeds aandag van die Munisipaliteit kry nie. Ons verwagting is dat aangesien daar geen bloudruk is om toestande veroorsaak deur Covid-19 te hanteer nie, daar met n' groter mate van dringendheid 'n strategie teen die plaaslike ekonomiese agteruitgang ontwerp en geïmplementeer moet word.

Hiermee, uit ons perspektief, aangeleenthede wat vir ons kommerwekkend is:

- Die duidelike afwesigheid van 'n krisisbestuursmentaliteit, waar daar nog nie 'n besef is onder die munisipale amptenary dat die wêreld verander het nie. Daar word voortgegaan met alles asof nie veel verander het nie. Soos ons duidelik gewys het, wag daar 'n „nuwe” wêreld op ons almal. Ons is egter bevrees dat ons die gevoel kry dat die Munisipaliteit nog nie die erns en impak hiervan op die plaaslike ekonomie, sakegemeenskap en entrepreneurs enigsins besef nie. Ons het ten minste verwag dat daar 'n finansiële persoon aangestel sou wees wie se uitsluitlike doel moes wees om die Covid-19 gevolge (ekonomies sowel as maatskaplik) op die Munisipaliteit, gemeenskap en plaaslike ekonomie te kon identifiseer en aanbevelings in die verband aan die raad te kon voorlê. Hierdie is een van die stappe wat meeste organisasies in die privaat sektor al lankal reeds geneem het.
- Daar is geen aanduiding dat die Munisipaliteit reeds finansiële en/of risiko ontledings gedoen het oor die impak van die pandemie op beide die plaaslike ekonomie en op die Munisipaliteit wat as inset gebruik kan word in scenario beplanning nie. Ons het baie waardering vir die feit dat ons in 'n streek woon en werk waar die Munisipaliteit goed funksioneer, en ook goeie verhoudings met die gemeenskap handhaaf. Dit kan egter slegs volhou word binne 'n bekostigbare raamwerk, maar veral in aggenome dat ons, soos genoem is, van mening is dat die impak op die ekonomie as gevolg van die pandemie nog by verre nie genoegsaam gepresenteer het nie. 'n Scenario beplanning wat aandui wat die impak/aanpassing sou wees indien die inkomste van die Munisipaliteit val met 5,10 of 20 persent sou baie meer gerustellend gewees het. Neem ook kennis dat baie klein ondernemings se inkomste met 100% geval het vir meer as twee maande tot R0,00 per maand, en baie ander met tussen 50% en 100 % geval het. Die scenario moet gebou word op die plaaslike ekonomie se vermoë om die Munisipaliteit se inkomste te realiseer.
- Ons neem ook kennis van die Munisipaliteit se terugvoer oor die proses wat gevolg moet word in die opstel van die begroting, sowel as die wetlike vereistes en stappe wat gevolg moet word. Ons aanvaar dat u aan die wetlike vereistes van die Munisipale Regulasies moet voldoen, maar ons bly egter steeds van mening dat daar baie meer gedoen kan word om die begroting aan te pas by die werklikhede daarbuite soos wat op nasionale vlak gebeur. As die President van die land sowel as die ministers die voorbeeld kan volg om 'n derde van hulle salarisse te kan opoffer vir drie maande, is die minste wat die Munisipaliteit kan doen, om vir sy raadslede en top bestuur geen salarisverhoging te gee vir die volgende jaar nie. Dit sal grootliks bydra tot die gevoel dat die Munisipaliteit besef wat die harde werklikheid daar buite is, sowel as ook 'n gevoel van welwillendheid. Ons verstaan dat Mosselbaai munisipaliteit die besluit geneem het om alle salisverhogings te staak tot verdere kennisgewing. Hulle word sekerlik deur dieselfde wetgewing geraak?

Ons wil dit duidelik stel dat daar geen verwagting van die Sakekamer is dat die Munisipaliteit besighede moet red nie. Wat ons wel verwag, is dat u hulle tegemoet sal kom met klein toegewings wat 'n groot verskil kan maak veral vir die kleinsakeondernemings met personeel wie se werk gered kan word. Die sakegemeenskap is die beste geplaas om saam met die Munisipaliteit op 'n dringende basis hierdie saak te werkswinkel.

Hiermee 'n paar voorstelle wat ons voel u kan oorweeg vir hulpverlening aan die sake-gemeenskap:

- Toestaan van 'n persentasie korting, terugwerkend van 1 April 2020, op eiendom-, water-, sanitasie- en elektrisiteit tariewe gekoppel aan die inperkingsperiode waartydens 'n onderneming nie sake kon bedryf nie; hoe langer hierdie periode, hoe meer eksponensieel ernstig die impak. Daar is reeds ondernemings wat hulle deure moes sluit en vele ander wat nog nie sake mag doen nie. Selfs restaurante en koffiewinkels wat wegneemetes moes begin verskaf, sukkel steeds om kop bo water te hou, omdat hulle normale klandisie nie meer daar is nie. Diegene in skoonheidsdienste en haarsalonne sukkel behoorlik sonder 'n inkomste en baie moes van lenings gebruik maak om sekere vaste uitgawes te kan bybring.
- Geen huurgeld te verhaal van sake-ondernemings vir 'n periode wat weereens gekoppel behoort te word aan die effektiewe inperkingsperiode soos hierbo genoem.
- Die verskaffer databasis te hersien en plaaslike besighede te prioritiseer.
- Hersien huidige beplande uitgawes en bepaal of daar enige besteding buite die streek is wat geswaai kan word om die plaaslike ekonomie te help, m.a.w. 'n werklike ontleding van elke faktuur om te bepaal waarheen die geld vloei.
- Fondse beskikbaar te stel vir 'n aktiewe bemarkingsaksie wat besoekers na die streek kan lok.
- Hersiening van maatreëls en prosedures om dit makliker te maak om sake te doen

Ons wil u verder vriendelik, dog dringend, versoek om ook, tot u in 'n posisie is om die impak op u finansies te bepaal en 'n strategie teen die plaaslike ekonomiese agteruitgang te ontwerp en die te implimenteer, oorweging te skenk aan die volgende:

- Aansoek sal doen by streek en sentrale owerhede vir alle moontlike hulpverlening wat daar beskikbaar gestel word.
- Verkry goedkeuring om huidige reserwes aan te wend vir rampbestuur.
- Beplande salarisverhogings wat nie statutêr is nie, terug te hou tot verdere kennisgewing.
- Staak die voorgestelde eiendomsbelasting, elektrisiteit en waterverhogings vir 6 maande om eers die impak van Covid-19 op inwoners se vermoens te bepaal.
- Nie verder te bestee aan nie-noodsaaklike infrastruktuur verbeterings nie.
- Doen hersiening van alle strukture om te bepaal of daar van u poste gesny kan word sou dit nodig word.
- Plaas 'n onmiddellike moratorium op die vul van alle vakatures.

- Hersiening van begrote items wat as vaste uitgawes geklassifiseer is om te bepaal hoe dit verminder kan word.
- Dat daar 'n deernis fonds gestig word om die uitval van Covid-19 te help verlig waar daar verdienstelike gevalle is.

Ter afsluiting wil ons dit weereens beklemtoon dat ons deeglik bewus en dankbaar is vir die feit dat Hessequa een van die Munisipaliteite in die land is wat uitstekend bestuur word. Dit was ook voor Covid-19 een van die redes vir die aantreklikheid van die Hessequa gebied vir nuwe intrekkers.

Dit is egter noodsaaksalik dat u in hierdie ongewone omstandighede as derde vlak van regering leiding moet neem in samewerking met plaaslike rolspelers vir die nodige beplanning om ekonomiese agteruitgang te beheer en om te draai. Daar is ongelukkig nie tyd vir uitgerekte burokratiese prosesse nie.

Ons sien daarna uit om steeds opbouend saam met die Munisipaliteit en sy amptenare te werk om die invloed van hierdie moeilike tye op ons plaaslike ekonomie so goed moontlik die hoof te bied.

U spoedige en gunstige antwoord sal waardeer word.



Rachel Wall
Voorsitter